“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG
(Jaargang 24 - nr. 21)

26 Mei 2024

EREDIENS dr. Petrus Venter

Erediens – Nagmaal en nabetragting

LITURGIESE GEGEWENS
Vóór Nagmaal
Skriflesing: 2 Timotheus 1: 1 - 18
Teks: 2 Timotheus 1: 3-5
VOORAF SANG : Ps. 118: 1
TYDENS EREDIENS: Ps. 48: 4,5; Ps. 119:62; Ps. 86:8; Ps. 23:3; Ps. 116... Sb. 59 (10-2) Onse Vader

DANKGEBED IN TYE VAN GROOT MOEDELOOSHEID EN ONSEKERHEID

1. Paulus se omstandighede waar hy nou skrywe.
2. Hy dank God; al lyk dit maar beroerd!

Nabetragting
Teks: 2 Timotheus 1: 6-7

MAG ONS NIE BEHEERS WORD DEUR ’N GEES VAN VREESAGTIGTIGHEID NIE

3. Die krag van die gebed strek net nog verder.

2 Tim 1: 3 – 6
Voor Nagmaal

3 Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met 'n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan jou dink. 4 Ek onthou jou afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my 'n groot vreugde wees. 5 Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.

Nabetragting

6 Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas. 7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

Sondag - Vooraf sang: Ps. 118:1

Ontmoetingsdiens
Votum
Lofsang: Ps. 48: 4,5
Geloofsbelydenis
(Apostoliese Geloofsbelydenis)
Wet
Sing: Ps. 119:62
Woorddiens
Gebed
Sing:
Ps. 86: 8
Skriflesing: 2 Timotheus 1: 1 – 18
Teks: 2 Timotheus 1: 3-5
Preek
Dankgebed in tye van groot moedeloosheid in onsekerheid
NAGMAALVIERING
Formulier
Gebed
Viering van die heilige Nagmaal
NABETRAGTING
Teks: 2 Timotheus 1: 6-7
Mag ons nie beheers word deur ’n gees van vreesagtigheid nie
Lofverheffing

Dankgebed

Kollekte
Liefdesdiens kollekte – Diakonie (DVB)
By die deure – Bediening vir Postmasburg

Slotsang
Sing-
Sb.59 (10-2) *Onse Vader*
Wegstuurseën

KOLLEKTES

Sondag 26 Mei 2024 – Nagmaal en nabetragting
In die banke: DVB (Diakonie) By die deure: Bediening Postmasburg
Sondag 2 Junie 2024 –
In die banke: DVB (Diakonie) By die deure: Teologiese Studentekas

WYK – DIENSBEURT

Sondag – 26 Mei 2024 Wyk 8
Ouderling: Michiel Burger
Diaken: Roelf Coetzee

VERJAARSDAE

22 Mei Nico Badenhorst
22 Mei Rone Coetzee
25 Mei Annatjie Swiegers
26 Mei Anika Johnston
27 Mei Maria van Heerden
28 Mei Carien Coetzee
30 Mei Magdalena Schoeman
1 Junie Marthie Geldenhuys
5 Junie Wessel v/d Vyver
6 Junie Wentzel Theunissen
8 Junie Janet Coetzee
10 Junie Magda Vermeulen

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

LIEF EN LEED

Almal wat in hierdie tyd ongesteld is, operasies ondergaan het of nog moet ondergaan, ons bid u Gods seën op 'n spoedige herstel toe.
Sr Fransie Venter se operasie het goed verloop. Ons is die Here daarvoor dankbaar. Mag sy spoedig volkome gesond word.
Sr Daleen Erasmus bly in ons gebede. In die afsienbare tyd sal sy ook Gamma bestraling moet kry, wat slegs in Johannesburg gedoen kan word. Toetse toon dat sy wel ook beroerte gehad het. Mag die Here haar daar dit alles dra.
Br Nico Badenhorst bly in ons gebede in die tyd wat hy behandeling ontvang. Mag die Here hom deur dit alles dra en versterk.
Sr Marie Nel bly in ons gebede waar haar gesondheid onder druk verkeer. Tans is sy by haar kinders vir versorging. Ons dink aan haar en hulle wat haar moet bystaan die Here se besondere nabyheid toe.
Br Pieter du Plessis het laat weet onder omstandighede gaan dit met hom goed na die rug-operasie. Ons vertrou dat hy wel volkome sal genees al is dit 'n langsame proses.
Br Jan Venter se toestand is party dae weer beter as ander dae. Mag hy ook elke dag deur die Here gedra word in die dae van stryd.

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R618 255-00
Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar	R196 585-00
Totaal van dankoffers vir April 2024	R109 525-00
Totaal van dankoffers vir Mei 2024 tot op hede	R20 500-00
Kermis inkomste vir 2024	R1000-00
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 275731-25
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 381992-41
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R670-00

Voorsitter is oudl. Albertus Viljoen (082 808 4168)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.
U kan dit aflaai by http://bit.ly/2D0uRqf

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by https://bit.ly/3j1e2xT

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: http://bit.ly/2SxThy0

KATEGESE

Geen Laerskool kategese vandag

Ons Hoërskool -katkisante is daar op 14 Mei 2024 twee *YouTube opnames* gemaak wat op mekaar volg. So het ons dan die handboek afgehandel. Die laaste les is beskikbaar by https://youtu.be/slh5TW_WQ04 Die opvolg van die les kan gekyk word by https://youtu.be/7dw-aHbclr8 Hoërskool ouers en katkisante kry geleentheid om terugvoer te gee watter werk hulle graag sal wil behandel in die lig van die huidige handboek wat nou deurgewerk is.

BYBELSTUDIE - https://youtu.be/TPKsvWDgnCs

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was ’n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by https://youtu.be/TPKsvWDgnCs

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op ’n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d’Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by ’n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansieel tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met ’n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

ETIESE SAKE

Daar is ’n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onsself daaroor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... Ons het die publikasie van prof. PW Buys rondom DANS – ’n gereformeerde etiese-studie ook opgelaai
U kan daarna gaan by http://bit.ly/2Q0Ccw1

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:
Diakonievergadering – 11 Augustus 2024
Kerkraadsvergadering- 11 Augustus 2024
Dorkasvergadering- 11 Augustus 2024

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg
E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za
Tel: 053 313 3710
Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert270@gmail.com
Admin Beampte	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	ajviljoen@soetfontein.co.za
Sendeling	Dr. Victor d’Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en faceboek-blad is soos volg:

http://www.gkpostmasburg.weebly.com

http://bit.ly/2Ydk7wK

STASTISTIEKE VORIGE SONDAE

Erediens bywoning 19/5	**45**
Kollekte Diakonie 19/5	**R1230-00**
Kollekte (Deure) 19/5	**R544-20**
Dorkas susters met Nagmaal-ete 25/2	**R460-00**
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782

Doen wat reg is en jy sal baie stampe kry, maar nie in jou gesig nie.
(CJ Langenhoven).